# DIAKONIOLOGIE EN RASIONALITEIT - 'N VERKENNING

C.J.H. Venter
Departement Diakoniologie & Missiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*In this article the dimension of rationality in Diaconiology is investigated. With a short overview of the development of Diaconiology and Practical Theology as a starting point, nine rationality models are analysed in order to outline relevant data for a possible rationality model for Diaconiology. In line with this reflection and from an accepted paradigm of research, it is indicated that rationality in Diaconiology should be sought in the way Scripture, as part of reality, is utilized in diaconiological research, as well as in the empirical reality in which the ministry of reconciliation takes place in the church, the world and the kingdom of God. In conclusion, a definition of Diaconiology is aimed at. In this definition the varied aspects of rationality investigated in the line of argumentation are unified in a 'new' frame.*

## 1. INLEIDING

### 1.1 Verheldering van begrippe

Onder rasionaliteit word vir die doeleindes van hierdie artikel die volgende verstaan: "... the process of forming ... judgements, conclusions, inferences ..." (Frame, 1983:303). Die wyse waarop rasionaliteit in wetenskaplike werk na vore behoort te kom is "... op 'n soveel as moontlik tegnies-metodies geverifieerde en gesistematiseerde wyse" (Stoker, 1961:275, vgl. Burger, 1986:85 en 105, Schulze, 1981:2-4).

Die vakbenaming *Diakoniologie* is tradisioneel hoofsaaklik geïnterpreteer as die bestudering van die Bybel vanuit die perspektief van die amp (ook amp van die gelowige - Kuyper, 1909 III:471-481), of die bestudering van die Woord van God vanuit die gesigspunt van die diens van die kerk (Jonker, 1968:24).

In die lig van die besinning wat hierdie artikel bied, sal aan die einde van die beredenering 'n eie definisie van Diakoniologie gebied word.

## 1.2 Problematisering van rasionaliteit in die Diakoniologie

Die verskyning van die proefskrif van Van Wyk, *'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n Prakties-Teologiese perspektief* (1989), het op 'n indringende wyse die vraagstelling oor rasionaliteit en Diakoniologie aan die orde gestel. Vanuit bepaalde wetenskapsteoretiese vertrekpunte word rasionaliteit in die beoefening van die Diakoniologie bevraagteken ten opsigte van sake soos werklikheid en waarheidsbegrip (Van Wyk, 1989:148), die objek van Diakoniologie (1989:159), samewerking met ander wetenskappe (1989:159) en die feit dat teologiese uitsprake van die Diakoniologie nie krities deur ander wetenskappe 'bevra' kan word nie (1989:163). Ook aspekte soos metodologiese vraagstelling, dogmatiese rasionalisering, en die kontrolering van teologiese uitsprake in die Diakoniologie word deur Van Wyk behandel (1989:167-190). Hy is dan ook van mening dat in die behoudend-gereformeerde (diakoniologiese - CJHV) benadering die aksent meer op die geloofsaspek van die teologie as op die rasionele elemente daarvan geplaas word (1989:43).

Dat die vakdissipline Diakoniologie deur hierdie kritiese vrae gedwing word om ook wetenskapsfilosofies oor rasionaliteit verantwoording te doen, moet verwelkom word, juis omdat die rasionaliteit van sowel Diakoniologie en Praktiese Teologie deur die eeue heen bevraagteken is. Hiervan getuig byvoorbeeld die feit dat Praktiese Teologie eers in 1774 as universiteitsvak erken is. As universiteitsvak neem Diakoniologie eers sedert ongeveer 1900 sy plek aan teologiese fakulteite in. Nou is dit opvallend dat - wetenskapsfilosofies gesproke - veel meer besin is en word oor die rasionaliteit van Praktiese Teologie as oor dié van Diakoniologie (vgl. byvoorbeeld Pieterse, 1991:1-18, Nel, 1991:1-14). Weliswaar word tans weer herbesin oor die plek van die Diakoniologie binne die ensiklopedie van die teologiese wetenskap (vgl. Van der Walt, 1980:20-30, Spoelstra, 1991:1-28), maar wetenskapsfilosofiese besinning spesifiek oor die rasionaliteitsmomente van objek en metode, behoort nog plaas te vind.

Teologie (i.c. Diakoniologie) kan nie ontkom aan wetenskapsfilosofiese verantwoording en deelname aan sodanige debat nie - nie alleen omdat die verskillende wetenskappe saamhang en mekaar aanvul nie (Stoker, 1961:300), maar omdat ook Diakoniologie, terwille van wetenskaplikheid en leidinggewing, op die probleembewussyn van die eietydse werklikheid behoort in te gaan en dit te beskryf (vgl. Van Huysteen, 1986:244). Binne die navorsingsgemeenskap en in die ry van ander wetenskappe moet Diakoniologie dus ook verantwoord oor die aspek van die werklikheid wat ondersoek word, sy wetenskaplike doelwitte, epistemologie en metodologie (vgl. Mouton & Marais, 1988:7-8, Van Huyssteen, 1986:24).

Binne die bestek van 'n artikel soos hierdie sal in hoofsaak net op 'n nadere aanduiding van die terrein en metodologie van die Diakoniologie gefokus kan word.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Vanuit bogenoemde inleiding kan die probleemstelling wat nou ondersoek gaan word, soos volg nader omlyn word:

* Watter plek behoort rasionaliteit in te neem binne die diakoniologiese wetenskaplike besinning?

* Watter perspektiewe vir die ontwerp van 'n rasionaliteitsmodel vir Diakoniologie kan vanuit bestaande wetenskapsfilosofise besinning gebied word?

## 3. METODE

Deur 'n proses van analise en interpretasie is met relevante stof in toepaslike literatuur omgegaan. Deur die kritiese ondersoek van bepaalde data in 'n seleksie van rasionaliteitsmodelle word bepaalde afleidings gemaak en gepoog om perspektiewe van hieruit te integreer en te kom tot 'n selfstandige siening van Diakoniologie en rasionaliteit.

## 4. DIAKONIOLOGIE EN PRAKTIESE TEOLOGIE - 'N KORT HISTORIESE EKSKURS

Om hierdie besinning in konteks te plaas is 'n kort uiteensetting van die ontstaan, verloop en wetenskaplike besinning in Diakoniologie en Praktiese Teologie noodsaaklik. Uiteraard word hier net toepaslike perspektiewe gebied vir die onderwerp van hierdie artikel.

### 4.1 Praktiese Teologie

Vanaf besinning oor die toerusting tot ampsuitoefening van die priester in die ou kerk (Pastoraalteologie) ontwikkel Praktiese Teologie in die Middeleeue via die strydvraag van teorie en praxis, in 1774 tot 'n universiteitsvak aan die universiteit van Wenen (Heyns & Pieterse, 1990:90). Hierdie paradigmaverskuiwing (van raadgewing vir priesters tot 'n universiteitsvak) het plaasgevind as gevolg van die veranderinge wat die Verligting in die gees van die mens meegebring het, veral om nie meer kosmosentries te dink nie, maar om deur kritiese denke, kerk en wêreld meer antroposentries te benader. Die kerk kon die ingrypende veranderinge op ekonomiese en maatskaplike gebied, én in die gees van die mens nie rasioneel hanteer nie omdat geestelikes nie voldoende vir die nuwe kerklike praxis voorberei was nie. Om in dié behoefte te

voorsien, word Praktiese Teologie as universiteitsvak gebore (vgl. Heyns & Pieterse, 1990:920.

> Uit bogenoemde is dit opvallend dat Praktiese Teologie ontstaan het uit die praxis van die kerklike situasie en om die praxis van die kerk tot hulp te kom.

Bogenoemde lyn word deur Schleiermacher - in eie reg 'n briljante denker - voortgesit toe hy die eerste een word wat bydra tot die rasionaliteit van die Praktiese Teologie (hy het ook dié naam gemunt) toe hy daaraan as *universiteitsvak* 'n eie objek van ondersoek gee. Praktiese Teologie is 'n positiewe wetenskap en sy taak is leiding aan die empiriese "Kirchenregiment" (Schleiermacher, 1830:24-28). *Prakties* beteken hier die praktyk of handelinge van die kerk. As kritiese denker van sy tyd neem Schleiermacher dus nie die Bybelse openbaring nie, maar die ervaring as kenbron (objek) van die Praktiese Teologie. Sodoende open hy die deur om van Praktiese Teologie 'n suiwer empiriese wetenskap te maak en gevolglik die teologiese aard van die vak in gedrang te bring.

Spoelstra (1991:5-6) wys daarop dat Schleiermacher in sy aanvaarding van ervaring as objek van die Praktiese Teologie noú aansluit by Kant met sy kenteoretiese onderskeiding tussen die objektiewe en subjektiewe, dogmatiese en eksistensiële. Dit is hierdie skeiding wat 'n kloof veroorsaak tussen leer en lewe, teorie en praktyk. Deur die empiriese kerk (kerklike handelinge) as objek van Praktiese Teologie te neem, deurbreek Schleiermacher só - uiteraard vanuit 'n eie paradigma - die grens van die ou Pastoraalteologie wat sy studie-objek beperk het tot die ampsverrigting van die pastor.

Hierdie denklyn van empiriese kerk en kerklike handelinge as objek van Prakties-Teologiese ondersoek, word - om maar een eksponent te noem - later voortgesit in die denke van Hiltner wat stel dat Praktiese Teologie 'n "operation centered field" bestudeer (Heyns & Pieterse, 1990:95).

Veral onder leiding van Firet ontwikkel Praktiese Teologie in die afgelope ± 25 jaar tot 'n empiriese, kommunikatiewe handelingswetenskap. Die objek van ondersoek is steeds die kerklike handelinge, maar dan in diens van die evangelie. Besondere klem word in hierdie beoefening van Praktiese Teologie geplaas op die begrip van byvoorbeeld 'n pastorale handeling *soos dit is* en nie vanuit 'n vooropgesette mening (normatief - deduktief) *hoe dit behoort te wees nie* (Heyns & Pieterse, 1990:97). Om op hierdie wyse Praktiese Teologie te beoefen is dit nodig dat die teorie deur die praxis gekorrigeer kan word. Andersyds word sterk klem geplaas op die *kommunikatiewe* van die handelingswetenskap (Pieterse, 1991:8). Juis in hierdie kommunikatiewe moment moet die normatief-teologiese en die empiriese situasie op mekaar betrek word.

Hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie as objek van die Praktiese Teologie, druk die totale omgang, verhoudinge, reaksies en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit met as ideaaltipe vir kommunikasie die koninkryk van God (Pieterse, 1991:10).

Uit hierdie kursoriese nagaan van lyne uit die ontwikkeling van die Praktiese Teologie kom die volgende rasionaliteitsdimensies na vore.

* Die empiriese kerk en sy handelinge is aanvanklik die objek vir bestudering in die Praktiese Teologie.

* Kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie in die empiriese kerk en in die samelewing met die ideaalbeeld van die koninkryk van God. is tans hoofsaaklik die studie-objek van die Praktiese Teologie.

Hierby sou 'n mens die vraag kon vra tot watter mate die normatiewe (funksionering van die Bybel) tot sy reg gekom het en kom in die beoefening van die Praktiese Teologie.

### 4.2 Diakoniologie

Hoewel verskeie voorlopers van die diakoniologiese benadering in die loop van die geskiedenis aangedui kan word, verdien Voetius tog vermelding. Hy praat wel van *theologia practica* as studie-objek van kerklike handelinge, maar neem die Bybel as primêre kenbron hiervoor (Van der Walt, 1980:6-7).

Dieselfde lyn (die Bybel as kenbron vir die Diakoniologie) word op 'n besondere wyse vergestalt deur Kuyper wat as studie-objek vir hierdie vakke juis die amp as sodanig neem. Hierby sluit hy die amp van die gelowige in (Kuyper, 1909, III:371-481). Die amp as objek van bestudering van die Diakoniologie moes die Bybelse gehalte van teorievorming in die Diakoniologie veilig stel. Dit bly egter opmerklik dat Kuyper se onderskeiding van die kerk as organisme en die kerk as instituut, hom tog maar weer by die 'empiriese' kerk as objek vir die studie van die Diakoniologie bring. Kuyper stel wel dat die amp *as sodanig* studie-objek is vir Diakoniologie, maar om dit te kan doen, moet hy Diakoniologie en Ekklesiologie skei. Hy reserveer dan vir die Amptelike Vakke (sy benaming vir Diakoniologie) die (praktiese) funksionering van die amp. Hy gebruik ook die term "theorie" wat die "praxis" moet beheers (Kuyper, 1909, III:80). As kritiese opmerking sou hier kon geld: al verskil die uitgangspunte ten opsigte van die objek vir die beoefening van Diakoniologie en Praktiese Teologie by Kuyper en Schleiermacher (nl. die Bybelse leer oor die amp en die kerk as empiriese gegewe) kom

Kuyper in die konkrete vormgewing van die studie-objek van Diakoniologie (die funksionering van die amp in die kerk as instituut) baie naby aan Schleiermacher. Met hierdie vormgewing is daar ook 'n terugbeweeg na die ou Pastoraalteologie (praktiese raadgewing aan priesters) in Kuyper se denke.

Die volgende stap in die ontwikkeling van die diakoniologiese benadering, was die aksent van K. Dijk dat *diakonia* nie met amp nie maar met diens weergegee behoort te word. As objek vir dié studieterrein geld dan die bestudering van die Bybel met die oog op kerklike diens.

Sonder om op die bydraes van byvoorbeeld Biesterveld, Hoekstra, Trimp, Velema en andere in te gaan, word hier gestel dat ook W.D. Jonker die bestudering van die Woord van God as objek vir Diakoniologie neem vanuit die gesigspunt van die diens van die kerk (Jonker, 1968:24). Deeglike kennisname van die situasie van die ontvanger van die diens van die kerk, sien Jonker as inbegrepe by die Diakoniologie.

Uit hierdie kursoriese nagaan van lyne uit die ontwikkeling van die Diakoniologie, kom die volgende rasionaliteitsdimensies na vore:

* Die Bybel is die kenbron vir diakoniologiese besinning, met inagneming van die objek van die bediening.

* Die diens van die *kerk* is die besondere gerigtheid in diakoniologiese denke.

Hierby sou twee vrae gestel kon word, naamlik of Diakoniologie nie die taak het om ook empiries wetenskaplik-verantwoord te werk te gaan in diens van die bediening van die Evangelie nie. Tweedens sou ook gevra kon word of Diakoniologie nie eensydig besin oor bediening *in die kerk* nie en of die kosmiese, missiologiese en koninkryksdiens nie nader aangetoon en uitgewerk behoort te word nie.

As samevattende hipotese sou gestel kon word dat in die beoefening van Praktiese Teologie die wesenlike gevaar kan wees dat die Bybel nie genoegsaam tot sy reg kom nie. Terselfdertyd kan 'n wesenlike gevaar in die beoefening van Diakoniologie wees dat die empiriese werklikheid nie genoegsaam verdiskonteer word nie.

## 5. VERKENNING VAN ASPEKTE UIT 'N SELEKSIE VAN RASIONALITEITSMODELLE IN DIE HOOFSTROOM VAN WETENSKAPSFILOSOFIESE DENKE

Die motivering waarom hierdie aspekte behandel word, is tweërlei: eerstens ter wille

van die plasing van besinning oor Diakoniologie en rasionaliteit in die stroom van hedendaagse wetenskapsfilosofiese besinning en tweedens, om bepaalde perspektiewe uit dié besinning uit te lig in soverre dit toepaslik mag wees vir die besinning oor Diakoniologie en rasionaliteit.

Uiteraard kan hier nie volledig en in diepte op elke afsonderlike skool of denker se standpunte ingegaan word nie. Wat hier gebied gaan word, is toepaslike perspektiewe uit 'n seleksie van rasionaliteitsmodelle.

### 5.1 Die logiese positiwisme

Breedweg kan gestel word dat die positiwistiese denkrigting wetenskapsbeoefening beskou as 'n objektiewe saak, 'n saak *an sich*, met 'n skeiding tussen objek en subjek. Mouton (1987:2) ken die volgende eienskappe aan die positiwisme toe: 'n empiristiese epistemologie, 'n ideaal van metodologiese eenheid van alle wetenskappe en geloof in die vooruitgang van die mens met die gepaardgaande vertroue dat die mens deur die sosiale wetenskappe in staat gestel sal word om 'n nuwe sosiale orde te vestig.

'n Kernmoment wat hier na vore kom is dat wetenskapsbeoefening alleen langs die weg van empiries verkreë kennis vasstaande resultate kan lewer. Die noodwendige gevolg hiervan is dat alle wetenskappe metodologies na één basiswetenskap terugherlei moet word, juis om 'n empiriese werkwyse te verseker. Dit is juis met die oog hierop dat die Wiener Kreis die verifieerbaarheidskriterium aangelê het: 'n stelling is alleen wetenskaplik indien dit terugherlei kan word tot stellings oor die empiriese werklikheid. Daarom sou as ideaal gestel kon word dat alle vakke metodologies tot Fisika herlei kan word want Fisika werk direk met die empiriese natuurgegewe.

Die rasionaliteitsmodel wat hier toegepas word is dat wetenskaplike objektiwiteit daarin bestaan dat feite deur empiriese waarneming neutraal en ongehinderd vir hulleself moet spreek (Botha, 1988:5). Metodologies werk hierdie benadering so dat elke probleem deur 'n waarheidstregter gegooi word. In hierdie tregter sit 'n filter wat dan slegs die objektiveerbare aspekte deurlaat en sodoende die normatiewe en subjektiewe aspekte as irrasioneel agterlaat (vgl. Kunneman, 1986:10).

#### Afleidings

* Die positiwisme werk slegs met objektiveerbare feite en laat geen ruimte vir 'n navorser se *'commitment* nie.

* Indien slegs objektiveerbare *empiriese* werk die kern van die wetenskaplike werk

van Praktiese Teologie sou vorm, word hiermee beland op die vlak van positiwistiese wetenskapsbeoefening. Omgekeerd: indien die beoefening en fundering van Diakoniologie as kern sou hê dat die Bybel misbruik word net vir *loca probantia* om die eie vermoede te bevestig, word die Bybel 'n koue, objektiewe klaargegewe handboek *an sich* - 'n handboek wat vir eie doeleindes misbruik word sonder bemiddeling van die eksegeet met sy voorveronderstellings en wetenskaplike inset. So word ewe-eens verval in 'n positiwistiese patroon.

## 5.2 Die kritiese rasionalisme

Popper kan as die vader van die kritiese rasionalisme beskou word. Die volgende toepaslike momente uit sy rasionaliteitsmodel is hier ter sake.

- *Kritiese* rasionalisme beteken dat elke kennisbron oop staan vir kritiese ondersoek en toetsing en die wetenskaplike self moet gekenmerk word deur 'n kritiese gesindheid van selfondersoek (vgl. Faure & Venter, 1987:32). Waar die logiese positiwisme verifiëring as 'n rasionaliteitsmodel hanteer, hanteer Popper falsifieerbaarheid van stellings, hipoteses en teorieë as rasionaliteitsmodel - juis omdat die verwerwing van kennis menslike en dus feilbare werk is.

- Volgens Popper bestaan objektiewe, dit wil sê kennis as blote kennis nie, want objektiewe waarneming bestaan nie. In die proses van waarneming vervul "an horizon of expectations" (Popper, 1983:45) die rol van 'n verwysingsraamwerk. Alle waarneming veronderstel dus 'n eie gesigspunt, waarin eie agtergrond, opvoeding, groei (of gebrek aan groei!) 'n rol speel (vgl. ook Botha, 1988:6). Juis in hierdie lig moet objektiwiteit in rasionele sin by Popper verstaan word. Objektiwiteit lê nie in empiries-verifieerbare feite nie, maar in intersubjektiewe ooreenstemming tussen wetenskaplikes. Hierdie ooreenstemming word gebore uit onderlinge kritiek juis omdat wetenskaplike werk falsifieerbaar kan wees (vgl. Janse van Rensburg, 1991:12).

**Afleidings:**

* Alle waarneming is teoriegelade. Hiermee word in beginsel die weg geopen vir sake soos voorveronderstellings, en ten diepste ook vir 'n saak soos geloofsapriori in die beoefening van Diakoniologie as wetenskap. Die voorwaarde is dat dit wat agter die voorveronderstelling of apriori lê, uitgespel word en verantwoordbaar moet wees. Handhawing van 'n voorveronderstelling mag nie lei tot onwetenskaplike *metodologiese* kompromittering nie.

* Geen menslike wetenskaplik-verkreë kennis kan as absoluut en finaal beskou word nie. Toegepas op die beoefening van Diakoniologie sou gesê kon word die resultate van eksegese of die gebruikmaking van empiriese metodes nie 'n finale antwoord gee nie. Wetenskaplike eksegese van die Skrif mag nooit met die gesagvolle Skrif self gelykgestel word nie, en bly dus oop vir kontrole en verstelling. So kan steeds nuwe teorievorming plaasvind.

### 5.3 Die paradigma-rasionaliteitsmodel

Hierdie model is deur Kuhn ontwerp. Onder paradigma verstaan Kuhn "universally recognized scientific achievements that for a time provide model problems and solutions to a community of practitioners" (Kuhn, 1970:VIII).

Indien Kuhn se definisie van 'n paradigma ontleed word, blyk die volgende:

* 'n paradigma is sosiaal bepaald (*a community of practitioners*),
* 'n paradigma is histories bepaald (*for a time*),
* 'n paradigma dien as model (dissiplinêre matriks) om probleme op te los (*models, problems and solutions*).

Kuhn se definisie van paradigma kan beskou word as 'n verfyning van 'n aspek van Popper se rasionaliteitsmodel, naamlik dat die historiese ontwikkeling van 'n paradigma binne 'n bepaalde navorsingsgemeenskap erken moet word in wetenskapsbeoefening. Oor wat rasionaliteit is, besluit 'n bepaalde navorsingsgemeenskap en verwoord hulle besluit in 'n paradigma. Dié paradigma dien nie net as probleemoplossingsmodel nie, maar bevat ook die oortuigings en waardes - ook religieuse waardes - van sodanige navorsingsgemeenskap.

Wetenskapsontwikkeling vind daarom vir Kuhn plaas in drie fases naamlik 'n eerstens pre-paradigmatiese fase waar nog geen aanvaarde paradigma vir teorievorming bestaan nie. Die tweede fase is 'n tydperk van normale wetenskapsbeoefening, dit wil sê rondom 'n bepaalde paradigma. Wetenskap bestaan in hierdie fase in "... further articulation of the paradigm itself" (Kuhn, 1970:24). Die derde fase is dié van nuwe paradigmavorming. Dit gebeur as feite in die loop van normale navorsing na vore kom wat nie meer deur die bestaande paradigma geakkommodeer kan word nie. So 'n *paradigm-switch* het byvoorbeeld plaasgevind met die vervanging van die Ptolemeïese wêreldbeeld deur die Kopernikaanse wêreldbeeld (vgl. Kuhn, 1970:68).

**Afleidings**

- 'n Bepaalde geformuleerde paradigma is vir Diakoniologie gewens, enersyds om die premisse vir sy wetenskapsbenadering uit te spel en andersyds om te dien as model vir die oplossing van probleme wat teengekom word op die weg van diens in die kerk, kosmos en koninkryk. 'n Saak soos kommunikasieprobleme roep byvoorbeeld meermale om 'n model vir oplossing.

- Paradigmas kan verander. Sodanige paradigmaverandering in die teologie (i.c. Diakoniologie) beteken geensins die relativering van die Bybel nie, maar 'n veranderde gerigtheid in denke juis op grond van byvoorbeeld nuwe insigte in die Bybel deur gebruikmaking van nuwere metodologie in die eksegetiese ontginning van die Bybel.

- Diakoniologie het die goeie reg om rasionaliteit te beoefen vanuit 'n eie, verantwoorde paradigma of geloofsapriori.

### 5.4 Gadamer se rasionaliteitsmodel

Die volgende twee rasionaliteitsmodelle - dié van Gadamer en Habermas - dui 'n oorgang aan van die voorafgaande eng rasionaliteitsopvattings na breër rasionaliteitsmodelle in die sogenaamde hermeneutiese benadering. Schoeman en Van Veuren (1987:111) stel dat Hermeneutiek in die nuwe benadering die plek inneem wat Filosofie met sy totaliteitsbenadering vroeër ingeneem het. Hermeneutiek bied nou die raamwerk wat verskillende probleemgebiede verbind, onder andere ook uit verskillende vakgebiede. Hierdie oorgang van 'n eng, natuurwetenskaplike rasionaliteitsmodel tot die breëre hermeneutiese rasionaliteitsmodel het ontstaan "toe begryp is dat handelinge, intensies en standpunte van sosiale aktore van binne uit - dus nie net eksak-empiries nie (CJHV) - verstaan kan word in kaders wat vir ondersoekers en ondersoektes betekenis het" (Pieterse, 1991:4).

'n Kernmoment in Gadamer se rasionaliteitsmodel is dus die universaliteitsaanspraak wat hy aan die hermeneutiek gee. Kennis kan nie net tot kognitiewe insigte - verkry deur strak metodologiese navorsing - ingeperk word nie. Juis daarom moet die kognitiwiteit van buitewetenskaplike *ervaring* herstel word. Rasionaliteit moet dus teruggebring word binne die konteks van die konkrete lewenspraktyk, want die verstaansproses bestaan nie net in kognitiwiteit nie, maar in die deelhê aan en toeëien van die werklikhede (ervaringe) wat nie uit onsself is nie. Daarom beklemtoon Gadamer tradisie ook so sterk: verstaan is immers 'n moment, 'n voortdenke, in die voortstuwende tradisiegebeure (Schoeman & Van Veuren, 1987:114). Verstaan is 'n voort-

durende proses van horisonversmelting tussen tradisie en hede. Vanuit hierdie verstaansversmelting ontstaan 'n nuwe verstaanshorison.

**Afleiding**

- In die beoefening van wetenskap (i.c. Diakoniologie) moet rekening gehou word met en ruimte gelaat word vir buite-wetenskaplike faktore, byvoorbeeld die tradisie en historiese konteks van die navorser. Strak wetenskaplike metode alleen waarborg nie gedeë wetenskap nie.

- Voorveronderstellinge in die beoefening van Diakoniologie mag nie vooroordele word nie.

### 5.5 Die rasionaliteitsmodel van Habermas

Hierdie model - ook genoem die kommunikatiewe rasionaliteitsmodel - is reeds op metateoretiese vlak ondersoek en geïntegreer in 'n kommunikasiemodel vir die Praktiese Teologie (Pieterse, 1991:4-13).

In 'n ontleding van Habermas se ontologie toon Pieterse (1991:5) aan dat Habermas as vertrekpunt neem dat tussen kennende subjek en objek van kennis nie 'n absolute skeiding kan wees soos by die positiwisme nie. Tussen subjek en objek is altyd sprake van 'n voorafgestruktureerde relasie. Hierdie 'vooraf kennisbelang' lei die ondersoeker om op 'n bepaalde wyse en met 'n bepaalde doel die werklikheid te benader. Eerstens word die werklikheid arbeidsmatig benader (empiries-analities) met die doel om te beheers. Tweedens benader die wetenskaplike die werklikheid taalmatig, dit wil sê met die oog op verstaan-gerigte kommunikatiewe handelinge. Vir die beste kommunikatiewe handelinge moet intersubjektiewe konsensus bestaan (vgl. Romm, 1987:187). Derdens word die werklikheid benader vanuit 'n emansipatoriese kennisbelang. Omdat kommunikatiewe handelinge versteur word deur mags- en afhanklikheidverhoudings, mag daar in intersubjektiewe kommunikatiewe handelinge geen dwang wees nie behalwe die dwang van die beste argument. Hier moet tog 'n kritiese opmerking gemaak word. Hoewel Habermas rasionaliteit intersubjektief verbreed in sy oop kommunikasieteorie, gee rede-likheid tog weer die deurslag by hom as hy stel dat die enigste dwang in intersubjektiewe kommunikasie die beste *argument* is. Verval hy hiermee nie weer in 'n verengde rasionaliteitsopvatting nie?

'n Tweede aspek uit Habermas se rasionaliteitsmodel wat hier genoem word is sy beginsel van verifikasie. 'n Kritiese teorie (i.c. intersubjektiewe kommunikasie) kan finaliter net in bevrydende praxis bewys (geverifieer) word (vgl. Romm, 1987:191).

**Afleiding**

- Dit is sekerlik waar dat die kommunikatiewe rasionaliteitsmodel van Habermas op metateoretiese vlak ontginbare moontlikhede inhou vir die Praktiese Teologie soos Pieterse aangetoon het (1991:7), veral dan as 'n bepaalde intersubjektiewe gespreksmodel. Krities sou mens egter die vraag kon stel of Habermas se kommunikatiewe rasionaliteitsmodel tot so 'n mate losgewikkel kan word uit sy lewensbeskoulike *Umwelt* dat dit as *basis* kan dien vir die ontwerp van modelle en teorieë vir kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie. Diakoniologies gesproke sou gevra kon word of die ontwerp van 'n basisteorie van 'onbegrensde oop' kommunikasie op grond van byvoorbeeld die liefdesgebod of God se verbondskommunikasie met die mens, *teologies* gesproke nie meer gewens is nie.

- Laastens sou 'n kritiese vraag ten opsigte van Habermas se kommunikatiewe model gestel kon word, naamlik hoe die dimensie van verifiëring in die bevrydende praxis wel konkreet in die samelewing kan plaasvind, nie alleen in die lig daarvan dat tussen mense (horisontaal) geweld reeds veroordeel word nie, maar ook op vertikale vlak, dit wil sê in die lig van die feit dat geweld vanuit Bybelse perspektief veroordeel moet word.

### 5.6 Die rasionaliteitsmodel van Pannenberg

Die volgende toepaslike momente uit Pannenberg se rasionaliteitsmodel word hier uitgelig.

Eerstens stel Pannenberg dat die objek van teologiese ondersoek die openbaring van God is. God openbaar Hom as werklikheid binne die "totality of reality" waarvan Hyself die "all-determining Reality" is (vgl. Hartin, 1988:137). Die werklikheid van God moet by wyse van vergelyking met die godsidee van ander godsdienste ondersoek word, omdat juis godsdiens (en dus godsidees) 'n universele aard het wat bo alle ander teologiese temas uitreik na die waarheid as sodanig (vgl. Van Huyssteen, 1986:96).

Tweedens is dit Pannenberg se standpunt dat teologiese (i.c. diakoniologiese) uitsprake oor God net aan die implikasies daarvan binne in die werklikheid (= ervaring) van die menslike lewe toetsbaar is (Pannenberg, 1976:310 e.v.).

> Die godsidee wat uiteindelik op die mees suksesvolle en probleemoplossende wyse daarin slaag om die mens se *ervaring* (my kursivering - CJHV) sinvol te integreer, sal deur Pannenberg beskou word as 'n godsgedagte wat homself op geldige wyse waargemaak het (Van Huyssteen, 1986:108-109).

Finale verifikasie van teologiese uitsprake en hipoteses is tans nog nie moontlik nie, want ons leef nou in die bedeling van 'nog nie'. Intussen bly die toets vir teologiese hipoteses menslike ervaring.

Derdens lê Pannenberg die volgende maatstawwe neer vir toetsing van teologiese uitsprake binne die raamwerk van die ervaring (1976:344-345): teologiese hipoteses moet handel oor die Israelities-Christelike geloof, dit moet poog om die werklikheid as geheel te verklaar, dit moet in staat wees om ervaring te integreer en sin aan die menslike lewe te gee en laastens moet teologiese hipoteses die vermoë hê om probleme op te los.

Vierdens is Pannenberg van mening dat 'n voorwetenskaplike uitgangspunt (i.c. geloofsapriori) vir die teoloog dalk nog kon tuishoort in die konteks van ontdekking, maar nie in die konteks van regverdiging (d.w.s. om teologiese uitsprake te evalueer nie) - juis omdat hy meen dat denke kritiese denke moet wees. Tog wys Van Huyssteen (1986:122) daarop dat alhoewel Pannenberg poog om in die ontwerp van sy rasionaliteitsmodel te bly by 'non-commitment', sy eie geloofsverbintenis tog steeds weer binne die konteks van regverdiging na vore kom.

Afleidings

* Die belangrikheid van teologiese (i.c. diakoniologiese gerigtheid) op die werklikheid en ervaring waarin die mens staan is by herhaling ondubbelsinnig deur Pannenberg aangetoon. Hyself word egter 'n slagoffer van ervaring deur dit tot toetssteen te maak om uitsprake oor God te verifieer. Beoordeel vanuit die perspektief van die Bybel, sou gesê kan word dat ons by Pannenberg 'n omgekeerde beweging het, naamlik van ervaring *na* God (i.c. Bybel) in plaas van 'n beweging *van* God (i.e. Bybel) na die werklikheid. Hierdie omgekeerde beweging moet dan vir Pannenberg dien as verifiëring van die godsidee.

* Teologie kan nie sonder voorveronderstelling beoefen word nie, maar dié voorveronderstelling moet gemotiveerd aangebied word en geïntegreerd wees in wetenskaplike werk.

* Ervaring moet getoets word aan openbaring en nie openbaring aan ervaring nie.

### 5.7 Die rasionaliteitsmodel van Van Huyssteen

Die volgende toepaslike aspekte vir die onderwerp van hierdie studie word uitgelig:

As kriteria vir rasionaliteit op teologiese vlak geld volgens Van Huyssteen (1986:172) die werklikheidsbetrokkenheid van teologiese uitsprake, die kritiese en probleemoplossende vermoë van teologiese uitsprake en die ontwerpende en progressiewe aard van teologiese uitsprake. Werklikheidsbetrokkenheid van teologiese uitsprake omvat betrokkenheid binne die kontekste van godsdiensbelewing, van die kerk en van teologiese refleksie (Van Huyssteen, 1986:177).

Vervolgens beklemtoon Van Huyssteen in sy rasionaliteitsmodel die metaforiese taalgebruik in die Bybel. Hy onderskei tussen die meer metaforiese aard van geloofstaal en die meer teoretiese aard van teologiese taal (Van Huyssteen, 1986:197, vgl. ook Stoker, 1961:142). Teologie is dan vir Van Huyssteen (1986:170) refleksie waarin metaforiese geloofstaal via modelvorming na helder en duidelike konsepte transformeer (vgl. ook Van der Merwe, 1988:281-294). Hierin moet ruimte gelaat word vir die geloofstandpunt van die teoloog. (Op Van Huyssteen se inspirasiebeskouing word onder Skrifbeskouing ingegaan.)

**Afleidings**

- Teologie (i.c. Diakoniologie) moet betrokke wees op die volle lewenswerklikheid.
- Die beklemtoning van metaforiese taalgebruik in die Skrif en die kognitiwiteit wat Van Huyssteen daaraan verleen, maak die weg oop tot rasionaliteit in die wyse waarop die Bybel in teologie (i.c. Diakoniologie) gehanteer word.


### 5.8 Die rasionaliteitsmodel van Zerfass

As afsluiting van hierdie onderafdeling word gewys op 'n rasionaliteitsmodel wat in Praktiese Teologie sterk navolging vind. Dié model is deur Zerfass ontwerp. Hy noem dit 'n handelingswetenskaplike model ter korreksie van Christelike praxis (Zerfass, 1974:166).

In hierdie model is duidelik twee rasionaliteitsterreine, naamlik vanuit die tradisie en vanuit die praktyk. Prakties kan die funksionering van Zerfass se model so voorgestel word: 'n probleem ontstaan deurdat die bestaande praktyk of teorie vir die praxis nie meer bevredig nie. Om 'n nuwe praxis wetenskaplik tot stand te bring, word nou vanuit teologiese oorlewering 'n basisteorie ontwerp (bv. oor kerk of prediking). Voorts word die situasie waarin die ou teorie gefunksioneer het - en nie meer funksioneel is nie - deur middel van empiriese gegewens ontleed, terwyl ook metateoretiese perspektiewe geïntegreer word. Vanuit die basisteorie, in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-analise, word nou 'n nuwe Prakties-Teologiese teorie ontwerp

(Praxis 2 op die skets).

Die rasionaliteitsmodel van Zerfass




Die kern van hierdie model is dat twee refleksę-domeine - die teologiese oorlewering en die situasie of werklikheid - byeengebring word in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar. Die teologiese oorlewering (basisteorie) rig die werklikheid en die werklikheid (byvoorbeeld deur empiriese ondersoek) rig hom op die basisteorie. So vind wedersydse wisselwerking plaas tussen teorie en praktyk.

**Afleiding**
Die model van Zerfass wil 'n hermeneutiese wisselwerking tussen teorie en praxis, teologiese oorlewering en empiriese situasie daarstel met die oog op 'n nuwe Prakties-Teologiese teorie en 'n eventueel verstelde praxis. Die kritiese vraag moet egter gestel word wat Zerfass bedoel met tradisie. Is tradisie die kerklike oorlewering, die belydenis of die geskiedenis? Die normatiewe van die Bybel vir Diakoniologie sou hier in gedrang kom indien die Bybel en tradisie gelykgestel sou word. Reeds op hierdie punt van die besinning is dit dus reeds duidelik dat die saak van Bybel en rasionaliteit nadere besinning verg.

5.9 **Toepaslike wetenskapsfilosofiese perspektiewe vir die Diakoniologie vanuit die verkende rasionaliteitsmodelle**

Ten eerste kan gestel word dat wetenskap en dus ook Diakoniologie te doen het met die empiriese, geskape werklikheid, die werklikheid van die Bybel as openbaring van God en die werklikheid van die konkrete aardse lewe waarbinne die bediening van die Woord van God plaasvind in kerk, kosmos en koninkryk. Normatief staan die Bybel egter bokant die werklikheid en rig en beheers die werklikheid. Oor die feit dat met die empiriese werklikheid op wetenskaplik-rasionele wyse omgegaan moet word, bestaan nie twyfel nie. Die vraag wat verder aan beantwoord moet word is hoe Bybel en rasionaliteit in verband met mekaar staan.

Die tweede perspektief wat uit die besinning hierbo na vore kom is dat kennis as sodanig nie bestaan nie. Die studie van die empiriese werklikheid vind plaas vanuit bepaalde voorveronderstellings (die sg. religieuse grondmotief of geloofsaprioriee). Omdat alle waarneming van die werklikheid histories en tradisioneel bepaald is en omdat niemand die Bybel sonder voorveronderstellings lees en verklaar nie, moet Diakoniologie vanuit 'n eie geformuleerde paradigma omgaan met Bybel en werklikheid. Hierdie bepaalde paradigma vir Diakoniologiebeoefening behoort enersyds die beoefenaar se voorveronderstellings uit te spel. Andersyds behoort 'n paradigma vir Diakoniologie te dien as 'n probleemoplossingsmodel in die bestudering van die werklikheid waarop die bediening gerig is.

'n Derde perspektief uit die voorafgaande besinning is dat, hoewel situasie-analises en metateoretiese insette baie belangrik is in diakoniologiese teorievorming, basisteorieë primêr vanuit die Bybel self, en dan nie fundamentalisties nie, maar met gesonde hermeneuse opgebou moet word. Dit is inderdaad so dat die Bybel in menslike taal geskryf is, dikwels met gebruikmaking van metafore. Die beheersing en tot-teologiemaak van Skriftaal is egter 'n rasionele aktiwiteit. Juis daarom moet rasionaliteit in diakoniologiese besinning ook getoets word aan die wyse van Skrifhantering (vgl. ook

6.1.3).

'n Vierde perspektief is dat diakoniologiese ondersoek in sy gerigtheid op die empiriese werklikheid ook die aspek van menslike ervaring as objek van ondersoek het. Die ondersoek van menslike ervaring hoort inderdaad tuis op die vlak van situasie-analise en nie op die vlak van verifiëring of falsifiëring van die Bybel nie. Ervaring moet getoets word aan God se openbaring en nie God se openbaring aan die mens se ervaring nie.

Laastens het dit uit die voorafgaande besinning duidelik geword dat - in die geheel gesproke - Diakoniologie sy fokus beslis tot 'n groter mate op die empiriese werklikheid behoort te rig, maar dan vanuit die normatiewe van die Woord van God.

## 6. DIAKONIOLOGIE EN RASIONALITEIT

In die ontwikkeling van die gedagtelyn tot dusver is gestel dat Diakoniologie te doen het met die bediening vanuit die werklikheid van die normatiewe Woord van God in die empiriese werklikheid. Die vraag is hoe rasionaliteit in die hantering van die Woord en van die Woord in die werklikheid vergestalt behoort te word. Hieraan word vervolgens aandag gewy.

### 6.1 Die Bybel as werklikheid in diakoniologiese besinning

#### 6.1.1 Skrifbeskouing

Sonder om hier in diepgaande diskussie oor verskillende Skrifbeskouings te verval, word as geloofsverbintenis gestel dat die Bybel aanvaar word as die geïnspireerde op skrif gestelde Woord van God. Onder *geïnspireerd* moet hier verstaan word die organiese inspirasie. Nader gepresiseer, kom organiese inspirasie daarop neer dat die Bybel geskryf is deur mense van verskillende tye, aanleg en vlak van ontwikkeling. So beskou, is die Bybel 100% 'n menslike boek. Andersyds hou organiese inspirasie egter ook in dat die Bybel 100% 'n Goddelike boek is op grond van die inspirasie deur die Heilige Gees (vgl. Coetzee, 1984:64). Die Heilige Gees sorg ook dat die kerk (= gelowiges) hulle geloof mag bou op die geskrewe Woord. Tog - en so stel Ridderbos (1978:29) dit - kan die weg waarlangs en die wyse waarop die Gees werk, en die vryheid wat Hy aan die Bybelskrywers gegee het, nie in een, geslote dogmatiese formule vasgelê word nie.

Hierdie Skrifbeskouing bied 'n afgrensing na twee kante toe. Eerstens bied dit 'n

afgrensing teenoor die sogenaamde voortgaande inspirasieteorie, naamlik dat die leser van 'n teks (i.c. die Bybel) deur sy lesersaktiwiteit die teks herskep vir vandag. "In this view 'inspiration' is seen as a quality of the text - also as it is read" (Van Huyssteen, 1987:50; vgl. Velthuysen, 1988:124). Vanuit die organiese inspirasieteorie moet gestel word dat die leser deur sy aksie van lees nie met 'n daad van teks-(Bybel)-inspirasie te doen het nie, maar met 'n daad van Bybelinterpretasie. Tweedens behels die apriori van organiese inspirasie ook 'n afgrensing teenoor die meganiese Skrifbeskouing wat die aktiwiteit van die skrywers totaal wil uitskakel.

In hierdie verband is dit vreemd dat Van Wyk in sy ondersoek na die grondslae van die Diakoniologie wel 'n uiteensetting bied van Jonker en De Klerk se Skrifbeskouings en selfs ingrypende kritiek daarop lewer (Van Wyk, 1989:66-70). Tog bied van Wyk nie sy eie Skrifbeskouing in diepte nie. Dit is tog veral op die vlak van Skrifbeskouing dat die geloofstandpunt van die diakonioloog sterk na vore kom. Die Skrifbeskouing bepaal ook die beskouing, funksionering en hantering van die Hermeneutiek en langs hierdie weg uiteindelik die funksionering van die Bybel in die werklikheid.

### 6.1.2 Skrifgesag

Van Huyssteen (1986:20) omskryf die gesag van die Bybel as heilsgesag. Ook Ridderbos (1955:99-147) stel dat die gesag van die Bybel heilsgesag is. Indien hiermee bedoel word dat die gesag van die Bybel nie gesoek moet word in sake soos gesagvolle vakwetenskaplike uitsprake nie, maar daarin dat die versoeningsdaad van God sentraal staan en weergegee word deur die Bybel, is die term *heilsgesag* in orde. Tog kan dit as 'n verskraling beskou word om die gesag van die Bybel net as heilsgesag te sien. Die Bybel praat nie net van heil nie, maar ook van die konsekwensies van die heil en van die vereistes wat God se heil en die aanvaarding daarvan stel vir die praxis van die alledaagse lewe. In hierdie verband kan verwys word na Romeine 12. In sy verband gelees, wil Romeine 12 die lewe van die vrygespreekte mens belig. In vers 1 kom die versoening (heil) ter sprake in die ontferming van God. Van vers 9 af word die konsekwensies van die versoening vir die konkrete alledaagse lewe gestel en uitgespel in wyer-wordende sirkels van liefde vir medegelowiges, vir alle mense en vir vyande.

Die skopus van die Skrif soos byvoorbeeld weergegee in 1 Timoteus 3:15-17 moet verdiskonteer word en funksioneer in die formulering van 'n beskouing oor Skrifgesag.

### 6.1.3 Skrifhantering

Nadat die geloofspremisse in verband met Skrifbeskouing en Skrifgesag nou gestel is,

kan die vraag gestel word of daar sprake kan wees van Bybel en rasionaliteit? As dit dan so is dat Diakoniologie 'n dubbele studie-objek het, naamlik die Bybel en bepaalde bedieningsituasies (handelingsvelde genoem in Praktiese Teologie), en as dit so is dat 'n bepaalde situasie as werklikheid rasioneel ontleed en bestudeer kan word aan die hand van bepaalde rasionaliteitsmodelle, dan is die volgende vraag legitiem: Bied die Bybel self en die hantering van die Bybel in die diakoniologiese teorievorming wel die opening tot rasionaliteit?

Vanuit bogenoemde paradigma van Skrifbeskouing en Skrifgesag moet in hierdie verband gestel word dat rasionaliteit één van die aksies van die menslike bestaan is - weliswaar 'n belangrike aksie - maar ook hierdie hoogste funksie, rasionaliteit, word deur die Bybel gerig soos wat dit die lewe in sy geheel rig en beheers. Skerpsinnig stel Frame (1983:305) dié uitgangspunt: "God commands us to apply his Word to our world and in doing so, He commands us to reason and reason well. That is the point: reasoning is a part of obedience." Die aanwending van rasionaliteit in Skrifhantering kan daarom "... be done in a godly, or ungodly way, obediently or disobediently ..." (Frame, 1983:305, vgl. ook Floor, 1984:24-25).

Vanuit bogenoemde vertrekpunt kan gestel word dat rasionaliteit in Diakoniologie funksioneer

* *Eerstens* deur die rasionele opspoor van die diakoniologiese wetmatighede in die werklikheid van Skrif en skepping (Ouweneel, 1991:3) waarvoor God self sy wetsorde gestel het (Stoker, 1961:139). Onder rasionele opspoor moet ook die proses van teorievorming deur middel van Skrifhantering verstaan word. Skerp gestel: teenoor rasionele opspoor sou onrasionele opspoor (Skrifgebruik) gestel moet word - en dit kom neer op Skrifmisbruik.

* *Tweedens* bevat die Bybel nie alleen self baie rasionele dimensies nie (bv. taal en wetlike dimensies), maar ook vir die denkproses "the Bible provides a unique illumination of what straight and crooked thinking is (Van der Merwe, N.T., 1983:339).

* *Derdens*: As dan gevra word op watter besondere vlak in die omgang met die Bybel - ook in die diakoniologiese teorievorming uit die Bybel - rasionaliteit na vore kom, dan moet veral één vlak uitgelig word in die omgang met die Bybel, naamlik die taaldimensie. Dit is reeds aangetoon dat Van Huyssteen deur erkenning en aanduiding van kognitiwiteit in die verwerking van Bybelse metafore tot teologie, in beginsel die weg open tot rasionaliteit in die hantering van die Bybel. As vir 'n oomblik gedink word in watter groot mate metafore funksioneer in die diakoniologiese bedieningsveld - byvoorbeeld Vader, herder, kudde; wynstok,

lote; opbou, liggaam - kan begryp word watter sterk rasionaliteitsvereiste aan die teologiese verwerking en implementering van hierdie metafore in die veld van die bedieningspraxis gestel word.

Rasionaliteit geld egter nie net die hantering van Bybelse metafore nie want die Bybelse spraakgebruik bestaan nie net uit metafore nie. Juis daarom is die opgawe vir Diakoniologie groot om op hoogte te wees met die nuutste erkende eksegetiese metodes en hermeneutiese bydraes (vgl. Rousseau, 1988:409-421). Diakoniologie kan nie bekostig om nie saam met byvoorbeeld biblioloë op soek te wees na 'n omvattende paradigma vir Skrifhantering nie (vgl. Lategan, 1988:65-78). Die feit is net: teenoor sinvolle, gelowige (vgl. Smit, 1988:91-112), rasioneel-verantwoorde Skrifgebruik, staan Skrifmisbruik, waarvan die ergste uitwas voorkom in die degradering van die Bybel tot *loca probantia* vir die Dogmatiek en klakkelose oorname hiervan deur die Diakoniologie. In hierdie opsig is Van Wyk se kritiek, naamlik dat diakonioloë soms die Skrif net vir bewysplase gebruik, wel gewettig. Dit is inderdaad so dat baie studies in Diakoniologie - en Prakties-Teologiese basisteorieë - nie 'n gedeë omgang met die Bybel vertoon nie, maar dikwels met blote teksverwysings volstaan. Selfs Firet het al toegegee dat Praktiese Teologie dikwels meer besig is met praktykteorieë as met die ontwerp van basisteorieë.

### 6.2 Die empiriese werklikheid

Die 'tweede been' van die werklikheid wat as ondersoekveld vir Diakoniologie geld, is die empiriese werklikheid. Oor die moontlikheid om hierdie werklikheid rasioneel te analiseer, hipoteses, teorieë en modelle daarvoor op te stel, bestaan daar geen twyfel nie; ook die wetenskaplike meetinstrumente vir sodanige navorsing bestaan reeds. Hierin het 'n Nederlandse wetenskaplike, Van de Ven, reeds vir etlike jare baanbrekerswerk gedoen. Van die resultate van Van de Ven en sy medestanders se werk verskyn in 'n eie blad *Journal for Empirical Theology*. Tydens 'n onlangse besoek aan Suid-Afrika het Van de Ven gestel dat die tyd ryp is dat Praktiese Teologie sy eie meetinstrumente ontwerp, en nie so sterk daarvoor leun op sosiologiese en statistiese wetenskappe nie.

Die rasionaliteit van Diakoniologie kan verder gedien word deur, saam met gedeë ondersoek van die Bybel, ook gedeë met die werklike situasie om te gaan. Hiervoor behoort empiriese navorsing, ook volgens nuutste metodes, kwalitatief en kwantitatief aangewend te word. Die doel met empiriese navorsing in die Diakoniologie moet egter suiwer gesien word. Daar moet steeds onthou word dat die kerk byvoorbeeld nie primêr 'n sosiologiese grootheid is nie, maar 'n teologiese (ook diakoniologiese) grootheid wat in kern op geheimenisvolle wyse deur die Heilige Gees byeengeroep en -ge-

hou word langs die weg van die Skrifgeworde Woord en die verkondiging daarvan. Die praxis van daardie kerk - tussen reeds en nog nie - kan wel ondersoek word maar nie die geheimenis nie! God self - en meermale God se werk - is bo empiriese of teologiese ondersoek verhef.

Hoe die kerk sy bedieningstaak verrig, hoe lidmate toegerus word om hulle kosmiese bedieningstaak te verrig en hoe dit alles koninkryksdiens is, bind ondersoek vanuit die werklikheid van die Woord en die werklikheid van die lewe saam.

Uiteindelik wil empiriese werk in die werklikheid, ook deur hermeneutiese wisselwerking met die Woord as werklikheid, maar net die deurkom van die Woord in die bediening dien - en dit op 'n rasionele wyse.

### 6.3 Slotsom

As slotsom op en in die lig van die besinning oor Diakoniologie en rasionaliteit word die volgende definisie van Diakoniologie nou gebied:

Diakoniologie is die teologiese wetenskap wat op rasionele wyse vanuit die werklikheid van die Bybel as norm die bediening van die versoening in sy verskillende gestaltes in kerk, kosmos en koninkryk ondersoek. Hierin is die empiriese werklikheid 'n rigtinggewer. In die proses van diakoniologiese teorievorming staan die werklikheid van die Bybel as norm en die empiriese werklikheid in 'n hermeneutiese wisselwerking.

## 7. BIBLIOGRAFIE

BOTHA, J. 1988. Semeion. Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

BURGER, C.W. 1986. Die stand van Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak. Pretoria : RGN (ongepubliseerd).

COETZEE, J.C. 1984. Die kanon van die Ou en Nuwe Testament. Potchefstroom : Wesvalia.

FAURE, M. & VENTER, A. 1987. Karl Popper se kritiese rasionalisme. (*In* Snyman, J.J. en Du Plessis P.G.W. *reds*. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN. p. 31-56.)

FLOOR, L. 1984. Die toepasbaarheid van die Bybel in die wetenskap. Potchefstroom : Teologiese Skool (ongepubliseerde diktaat).

FRAME, J.M. 1983. Rationality and Scripture (*In* Hart, H., Van der Hoeven, J., Wolterstorff N. *eds*. Rationality in the Calvinian Tradition. Lanham : University Press. p. 293-318.)

HARTIN, P.J. 1988. Theology and Critical Rationalism: How Theology Faces the Challenges of a New Paradigm (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G. Vorster, W.S. *eds*. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 129-141.)

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Menlopark : Gnosis.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1991. Wetenskapsteorie en die wetenskap. Oriënterende opmerkings vir Th.M.-studente. Potchefstroom : PU vir CHO.
JONKER, W.D. 1968. Theologie en practijk. Kampen : Kok.
KUHN, T.S. 1970. The Structure of Scientific Revolutions. Chicago : University Press.
KUNNEMAN, H. 1986. De waarheidstrechter. Een communicatie theoretisch perspectief op wetenschap en samenleving. Boom : Meppel.
KUYPER, A. 1908. Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid II. Kampen : Kok.
KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid III. Kampen : Kok.
LATEGAN, B.C. 1988. Why so Few Converts to New Paradigms in Theology? (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G., Vorster, W.S. *eds*. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 65-78.)
MOUTON, J. 1987. Die positivisme. (*In* Snyman, J.J. en Du Plessis, P.G.W. *reds*. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN. p. 1-30.)
MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1988. Metodologie van die geesteswetenskappe : Basiese begrippe. Pretoria : RGN.
NEL, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die Praktiese Teologie. Pretoria : Vista. (Ongepubliseerde voordrag voor die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika.)
OUWENEEL, W.J. 1991. Die wet van God. 'n Teologiese en wysgerige studie. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Wetenskapsleer. *Koers*, 57(1):101-120.
PANNENBERG, W. 1976. Theology and the Philosophy of Science. Londen : Darton, Longman & Todd.
PIETERSE, H.J.C. 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie. Pretoria : UNISA. (Ongepubliseerde voordrag voor die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika.)
POPPER, K.R. 1983. Objective Knowledge. Oxford : Clarendon.
RIDDERBOS, Herman. 1955. Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift. Kampen : Kok.
RIDDERBOS, Herman. 1978. Studies in Scripture and its Authority. Grand Rapids : Eerdmans.
ROMM, Norma. 1987. Habermas se wetenskapsteorie (*In* Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. *reds*. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN. p. 179-198.)
ROUSSEAU, J. 1988. The Bible, Communication and Reality: Paradigms and our Struggle for a Cosmological Perspective (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G., Vorster, W.S. *eds*. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 409-421.)
SCHLEIERMACHER, J. 1830. Kurze Darstellung des theologischen Studiums zum Behuf einleitender Vorlesungen. Berlyn : Otto Hendel.
SCHOEMAN, J. & VAN VEUREN, P. 1987. Filosofiese Hermeneutiek in gesprek met die vakwetenskappe. Gadamer en Ricoeur (*In* Snyman, J.J. en Du Plessis, P.G.W. *reds*. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN. p. 111-134.)
SCHULZE, L.F. 1981. Die beginsel van die wetenskap: Calvyn en ons. Potchefstroom : PU vir CHO.
SMIT, D.J. 1988. Theology as a Critical Account of Personal Faith? (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G., Vorster, W.S. *eds*. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 91-112.)
SPOELSTRA, B. 1991. Die plek van kerkreg en Diakoniologie (Praktiese Teologie) in die teologiese ensiklopedie. Potchefstroom : Teologiese Skool (Ongepubliseerde artikel.)
STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.
VAN DER MERWE, N.T. 1983. Rationality and Scripture: Outline of a Philosohical Approach (*In* Hart, H., Van der Hoeven, J., Wolterstorff, N. *eds*. Rationality in the Calvinian Tradition. Lanham : University Press. p. 319-362.)
VAN DER MERWE, W. 1988. From Theological Metaphorics to Metaphorical Theology (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G., Vorster, W.S. *eds*. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 281-294.)

VAN DER WALT, J.J. 1980. Die verhouding van die Diakoniologie tot die ander teologiese dissiplines (*In* Nel, M. *red.* Die kerk se werk. Kongresreferate van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, 1979 en 1980. p. 20-30.)

VAN HUYSSTEEN, W. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording. Pretoria : RGN.

VAN HUYSSTEEN, W. 1987. The Realism of the Text. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

VAN WYK, A.G. 1989. 'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief. Pretoria. (D.Th.-(Proefskrif) Unisa).

VELTHUYSEN, G.C. 1988. The Authority of the Bible from the Perspective of Realism (*In* Mouton, J., Van Aarde, A.G., Vorster, W.S. *eds.* Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : RGN. p. 113-128.)

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. Munchen : Kaiser. p. 164-177.)